# MOSSEL BAY GOLF ESTATE
# HOME OWNERS ASSOCIATION

**Association incorporated under section 21 of the Companies Act 1973 (as amended)**

P.O. Box 567 • MOSSEL BAY 6500 • Western Cape • South Africa • Tel: 044 691 3054 • Fax: 044 691 1520
E-Mail: status2@status-mark.co.za • Website: www.mosselbaygolfestate.co.za


25 Januarie 2023

## SOSIALE MEDIA BESPREKINGS : HUURDER/INWONER

Geagte Inwoner

Ten einde harmonie tussen inwoners te verseker bestaan daar reëls, soos vervat in die MOI en Gedragsreëls. Alle inwoners moet hiervan bewus wees en het die verantwoordelikheid om dit na te kom. Voor hulle hier kom woon teken elke Eienaar en Huurder 'n erkenning dat hulle bereid is om die reëls na te kom. Hulle stem ook dan alreeds in tot die prosedure wat gevolg sal word indien die reëls nie nagekom word nie. Huurders sluit 'n kontrak met die eienaar van die eiendom en nie met die Huis Eienaars Vereniging nie. Dit is die Eienaar van die eiendom se verantwoordelikheid om te verseker dat die Huurder bewus is van die reëls, alvorens die verhuring gefinaliseer word. Indien 'n Huurder 'n probleem het, moet hy dit met die Eienaar opneem en nie met die Huis Eienaars Vereniging se personeel of Direksie nie.

Weens die terme van die POPI Wet mag privaat inligting nie gedeel word nie, dus mag een inwoner se inligting nie met 'n ander inwoner bespreek word, sonder eersgenoemde se toestemming nie. Weens bogenoemde mag dit dus soms van buite voorkom of die Bestuur inkonsekwent optree, terwyl dit nie die geval is nie.

In gebiede waar baie mense saamwoon in 'n beperkte natuurgebied is daar reëls wat troeteldiere betref. 'n Beroep word weereens op alle inwoners gedoen om hulle van die bestaande reëls te vergewis en dit na te kom ten einde enige konflik te vermy. Dit is ook hier die geval en die Direksie is verbind daartoe om konsekwent op te tree waar bestaande reëls nie nagekom word nie.

Alle kommunikasie word hanteer deur Status Mark deur normale kanale, derhalwe is dit nie beleid om enige kommentaar, veduidelikings of gesprek met enige persoon te voer op 'n sosiale media platform nie.

HEV Raad
Mosselbaai Gholflandgoed HEV